



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD

Dr Paul F de V Clüver
Voorsitter van die Universiteitsraad

Die Universiteit Stellenbosch het die afgelope drie jaar daarin geslaag om jaarliks planmatig en doelgerig voort te bou op die stewige fondasie wat gelê is met die Universiteitsraad se goedkeuring van die dokument 'n *Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarna*.

Met Visie 2012 aan die uitloop, is die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) in 2008 aanvaar wat verder praktiese uitvoering gee aan die gees van die Strategiese Raamwerk, maar terselfdertyd die Universiteit posisioneer vir meer aktiewe deelname en relevansie in Suid-Afrika en Afrika, met inagneming van wêreldtendense in die hoër onderwys en die kennisekonomie. Met 'n duidelike beeld van hoe die Universiteit as instansie van tersiêre onderrig in 2015 moet lyk, is die bestuur besig om doelgerig die strategiese boublokke op mekaar te stapel om gestelde doelwitte te bereik.

In die 2009-verslagjaar was daar vir my twee deurslaggewende Raadsbesluite wat bepalend sal wees vir die strategiese rigting van die Universiteit op pad na 2015 en selfs daarna. Die eerste mylpaal was in Mei. Oortuig van die onderskeidende, visionêre denke vervat in die OSP, het die Universiteitsraad tasbare bewys gelewer van sy vertroue in die bestuur deur R320 miljoen uit bestaande fondse as saai kapitaal te herklassifiseer vir die beginfase van die OSP. Die omvang van hierdie ambisieuse plan sal beduidend meer befondsing verg, maar verseker van die Raad se ondersteuning kan die Universiteit hom met vertroue en geloofwaardigheid na buite wend om die nodige fondse vir strategies belangrike inisiatiewe te bekom.

Die tweede mylpaal was in November 2009 toe die Universiteitsraad institusionele doelwitte en prioriteite goedgekeur het wat die transformasionele onderbou van die OSP sal verskaf. Met 2015 as teikendatum is spesifieke doelwitte gestel rakende die grootte en vorm van die Universiteit, personeel- en studentesamestelling en ook studentesukseskoerse wat 'n wesenlike invloed op die diversiteitsprofiel van die Universiteit sal hê. (Kyk "Transformasiemikpunte", bl. 7.)

Die OSP bepaal onder meer dat die Universiteit sy kernfunksies van onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie sal rig volgens sy vyf gekose ontwikkelingstemas. Met dié temas en volhoubaarheid as kriteria het fakulteite met suksesvolle projekvoorleggings gedurende die verslagjaar OSP-befondsing addisioneel tot hul jaarlikse bedryfsbegroting ontvang.

Die Rektor en sy bestuurspan het in 2009 duidelik aangetoon hoe die instansie deur sy uitnemende leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie, veranker in die kennis-gebaseerde OSP-projekte, van die mees kritieke uitdagings van die samelewing kan aanpak.

Dit was gerusstellend en verblydend om in die verslagjaar te sien hoe die sinergie tussen institusionele en fakulteitsdoelwitte groei; hoe verskillende universiteitsprosesse begin saamloop om transformasie in die breedste sin in die instelling te bewerkstellig en hoe 'n gedeelde visie die kampusgemeenskap begin saamsnoer en inspireer.

Ek wil die Rektor en volle senior bestuurspan gelukwens met hul waagmoedige leierskap om die Universiteit beduidend anders te posisioneer: anders in sy historiese konteks; anders as wat tradisioneel van tersiêre instellings verwag word en onderskeidend anders as portuurinstansies. Baie dankie ook aan die lede van die Universiteitsraad vir hul toewyding en insig om die Universiteit Stellenbosch se strategiese rigting en hierdie baanbrekerswerk te ondersteun.

Dr Paul F de V Clüver
Voorsitter van die Universiteitsraad

RAADSVERGADERINGS EN BYWONING

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch het in 2009 uit 30 lede bestaan, maar weens bedankings en die verstryking van een lid se termyn, is die jaar afgesluit met 'n ledetal van 27. Van die aanvanklike 30 lede was vier uitvoerende lede, 14 was onafhanklike, nie-uitvoerende lede, vyf was werknemersverteenwoordigers, vyf is deur die regering aangewys en twee was studenteverteenwoordigers.

Die Raad het vyf maal gedurende die verslagjaar vergader. Die Universiteit rapporteer met trots dat die gemiddelde bywoningskoers van vergaderings 90% was. Die laagste bywoningskoers was 85%.

KOMITEES VAN DIE RAAD: VERGADERINGS EN BYWONING

Die Raad het agt komitees wat met verskillende intervalle vergader – sommige vergader voor elke Raadsvergadering, terwyl ander vergader soos wat die behoefte ontstaan.

Die belangrikste komitee is die Uitvoerende Komitee van die Raad. Hierdie Komitee, bestaande uit sewe lede in 2009,

het vier maal vergader. Daar is geen sake hangend op die agenda van die Komitee nie. Hangende sake op die agendas van ander komitees wat via die Uitvoerende Komitee aan die Raad rapporteer, sal uiteindelik op die agenda van die Uitvoerende Komitee verskyn - wat in daardie stadium dan daardie sake sal hanteer.

VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE IS IN 2009 SOOS VOLG BYGEWOON:

April	5 lede teenwoordig
Junie	5 lede teenwoordig
Augustus	6 lede teenwoordig
November	6 lede teenwoordig

- Die gemiddelde bywoningskoers van die Uitvoerende Komitee was 79%.
- In die geheel gesien is die vergaderings van Raadskomitees goed bygewoon.
- Die komitees se gemiddelde bywoningskoers was 77%.